

Dinsdag 26 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 9:1-15

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 9:6-8 (1983-vertaling)

Saai en oes

Paulus spoor die gemeente van Korinte aan om 'n saak wat hulle begin het, af te handel. Hulle het naamlik belowe om hulp te verleen aan die vervolgte gemeentes van Judea deur 'n kollekte vir hulle te hou (hoofstuk 8).

Paulus motiveer hulle om die saak af te handel deur 'n beeld van 'n saai boer te gebruik. 'n Suinige saai boer wat probeer spaar deur min saad te saai, kan tog nie 'n groot oes verwag nie. Maar die boer wat baie saad saai, sal 'n groot oes kry. Die suinige boer se gesindheid is nie reg nie en hy sal teleurgesteld staan. Die beeld word oorgedra op die gemeente van Korinte. Hulle gesindheid moet reg wees wanneer hulle hulp verleen en hulle gawe gee. Hulle moet nie teensinnig wees en gedwing voel nie. Hulle moet dit uit die hart uit gee – soos voorgeneem “in sy hart” en met blymoedigheid.

Wanneer die hartsgesindheid reg is, sal hulle ook 'n oop hand hê. Die vrug sal dan nie uitbly nie. Daar sal 'n goeie oes wees. Hulle sal baie seëninge ervaar. God wat getrou is, sal sorg. Hy het die blymoedige gewer lief. Let op die intensiewe vorme wat gebruik word om trefkrag te gee. Hy is by magte om ALLES in oorfloed te skenk, sodat hulle in ALLE opsigte ALTYD van ALLES genoeg kan hê en VOLOP kan bydra vir ELKE goeie werk.

Alles, alle, altyd ... Wanneer God seën, sal hulle vir hulleself genoeg hê én nog oorhou om ook uit te deel. God alleen kan so gee. Hy gee nog meer. Hy het sy eie Seun gegee as die grootste gawe. En Hy het sy lewe gegee, sodat ons die lewe kan hê. Daarom kan ons nie anders om uit dankbaarheid teenoor God en met blymoedigheid 'n oop hand vir ander te hê nie. En die oes sal nie uitbly nie. God het immers die blymoedige gewer lief!

Sing: Psalm 126-1:1, 3 (Tweede melodie)

Ds. AL Pelsers (Abri) (Bethlehem)